*S. Afr. Tydskr. Veek. 5, 173–176 (1975)*

# DIE TOEKOMS VAN DIE WOLSKAAPBEDRYF

G.J. Joubert
*Suid-Afrikaanse Wolraad, Privaatsak X245, Pretoria*

Waar ons pas die Nasionale Wolskaapveldtog van stapel gestuur het in 'n poging om ons wolboere en potensiële wolboere aan te moedig om, deur beter bestuurspraktyke, meer wol (en dus ook goeie skaapvleis) te produseer met deeglike inagneming van die beperkinge van ons natuurlike hulpbronne, is dit gepas dat ek vir u, as wetenskaplikes en vakkundiges, 'n kykie gee op die toekoms van ons bedryf soos ons dit sien. Ek is daarom baie dankbaar om met u hieroor te kan gesels en ek hoop dit kan help om ook vir u 'n beter perspektief van veral die ekonomiese aspek van ons bedryf te gee.

Soos die meeste ander veebedryfsvertakkinge is die wolskaapbedryf ook gekenmerk deur 'n onelastiese aanbod van ons primêre produk, naamlik wol, as 'n tekstielvesel. Omdat die wêreld se tekstielbedryf uiters gevoelig is vir ekonomiese tendense, maak hierdie onelastiese aanbod dit vir wol soveel moeiliker om sy tradisionele posisie in die verbruikersmark te handhaaf teen mededingers soos die mensgemaakte vesel, waarvoor die kraantjie feitlik na willekeur oop- en toegedraai kan word na gelang van die vraag en die prysposisie. Die Vrye Wêreld se vernaamste wolprodusentelande soos hulle in die Internasionale Wolsekretariaat saamgesnoer is, naamlik Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en Uruguay, is deeglik bewus van hierdie probleem wat baie vererger word deur 'n hoogs gefragmenteerde bemarkingstelsel. Ons werk hieraan, en ons het al baie reggekry. Laat my dus toe om vir u kortliks te skets wat die huidige ekonomiese posisie ten opsigte van die wolvesel is, hoe dit die verbruiker, die verwerker en die produsent raak, en hoe ons die toekoms sien.

U is reeds bekend met die feit dat die vraag na wol en ander vesels soos katoen en sintetiese vesels swaar getref is deur die resessies in die ekonomieë van die belangrikste verbruikerslande van die wêreld, en die geweldige inflasiekoerse in daardie lande. Wol is die hardste getref, want hierdie skerp daling in die vraag na alle tekstielvesels het gekom kort na 'n tydperk van groot prysskommelinge in wolpryse, wat gelei het tot 'n betekenisvolle verplasing van wol as tekstielvesel deur dié mensgemaakte vesel waarvan die pryse minder geskommel het. Hierdie ernstige resessie het ook gekom in 'n tydperk kort nadat een van die belangrikste markte van wol, naamlik Japan, hopeloos te groot voorrade wol en garing op hande gehad het.

Die gevolg hiervan was dat alles daarop gedui het dat wolpryse in die huidige 74/75-seisoen in duie sou stort as gevolg van die uiters swak vraag daarna. Om daardie rede het die Australiese en Suid-Afrikaanse wolowerhede ooreengekom om 'n vaste reserweprys vir die hele seisoen te handhaaf. Australieë het al meer as 'n miljoen en Suid-Afrika ongeveer tweehonderdduisend bale wolvoorraad opgebou. Nieu-Seeland het ook 'n vloerprysstelsel vir sy tipes wol ingestel. Die wolleiers van die wêreld is vasberade om alles in hulle vermoë te doen om die geweldige prysskommelinge in wol sover moontlik te beperk, en die ferme vloerprys was een van die belangrikste stappe in daardie rigting.

Markinligting tot op datum dui op weinig verbetering in die ekonomiese toestande in die meeste lande van die wêreld. Dit word verwag dat die peil van groeikoerse van die belangrikste verbruikerslande laag sal bly. Oor die algemeen word 'n oplewing in ekonomiese toestande eers teen die derde of vierde kwartaal van 1975 verwag. Hoewel die verbruik van alle tekstielvesels tans op 'n lae vlak is, is dit bemoedigend dat wol se aandeel steeds besig is om te styg na die aanvanklike skerp daling sedert Maart 1973. Met rentekoerse wat in sekere industriële lande afwaarts neig en voorrade wat steeds op 'n baie lae vlak bly, begin daar lig vorentoe wys.

Die verwagting is egter dat sodra die ekonomiese toestande verbeter, wol 'n aansienlike deel van die veselmark wat hy verloor het, weer sal herower. Die redes hiervoor is dat wolpryse tans hoogs kompeterend is; dat daar 'n wêreldwye vraag na natuurlike vesels bestaan; die mode bevoordeel wol baie beslis; laastens is daar buitengewoon groot hoeveelhede wol in die reekse wat aan die opmakers en kleinhandel bemark gaan word.

Sover dit die bemarking van ruwol in Suid-Afrika aangaan, het ons nou reeds drie jaar agter die rug, waarin die nuwe wolbemarkingskema van toepassing was. Dit vorm die grondslag vir moderne geïntegreerde bemarking van ruwol. Sonder om nou in besonderhede in te gaan, wil ek tog daarop wys dat hierdie stelsel 'n aansienlike mate van bestendigheid in ruwolpryse vir ons wolkwekers gebring het in elkeen van die afgelope drie seisoene – veral in die huidige seisoen met sy beperkte aanvraag na wol. In die afwesigheid van hierdie skema kon ons wolkwekers weer dieselfde ontberings en ontwrigtings ervaar het wat die wolseisoene van 1969 – 1971 gekenmerk het. Wat nou tot dusver in hierdie seisoen gebeur het is dat ons meer as een-derde van al die wol wat by elke veiling aangebied was, teruggehou het. Hoewel hierdie opgehoopte wol (nou reeds meer as 200 000 bale) eers volgende seisoen of die seisoen daarna verkoop sal word, het elkeen van die wolprodusente wat tot dusver sy wol gelewer het, sy voorskot gekry en daar wag nog 'n agterskot aan die einde van die seisoen. In teenstelling met Suid-Afrika het Australië reeds tot dusver nagenoeg 1½-miljoen bale wol onverkoop verklaar omdat dit nie die reserweprys behaal het waarop ons en Australië aan die begin van die seisoen ooreengekom het nie.

Dit is die beleid van die Wolraad om hierdie reserwepryse streng te handhaaf en ons het gelukkig die nodige geld en pakhuise om hierdie beleid van ons deur te voer totdat marktoestande genoegsaam verbeter het. Ons is van mening dat die handhawing van aansienlike voorrade wol wat gebruik kan word om

skerp stygings in wolpryse te voorkom, 'n permanente verantwoordelikheid van die Wolraad behoort te word. Ek wil die wolboere van ons land die versekering gee dat ons opgehoopte voorraad geen probleme oplewer nie en dat ons dit beslis nie sal verkoop voordat marktoestande dit regverdig nie.

In die afgelope paar maande was daar ook dramatiese verwikkelings in Australië, die wêreld se grootste produsent van fynwol. Terwyl hulle wag dat die Australiese Regering nog moet besluit oor die voorgestelde wolbemarkingskema vir Australië, wat baie dieselfde is as die een wat reeds in Suid-Afrika van toepassing is, is daar nou reeds aan die Australiese Wolkorporasie magte verleen wat enkele jare gelede nog ondenkbaar sou wees. Dit sluit in die mag om die hoeveelheid wol wat per elke veiling aangebied word te manipuleer, en die mag om wol te verwerk en daarmee handel te dryf na die goeddunke van die Wolkorporasie. Myns insiens het hulle nou nog net die mag tot oorname van die Australiese skeersel nodig, voordat hul skema op dieselfde grondslag as ons s'n sal wees. In Nieu-Seeland, waar die wolboere baie sterk gekant was teen 'n oornameskema is daar nou ook duidelike tekens van 'n verandering van sienswyse.

Die indruk wat ek die afgelope jare gekry het by sovele internasionale konferensies oor wol, is dat die wolleiers verenig is in hul oortuiging dat 'n geïntegreerde benadering van wolbemarking noodsaaklik is, met die oorname van die skeersel as 'n baie belangrike hoeksteen.

Wat die lonendheid van die wolskaap betref, bly dit nog 'n feit dat die wolskaap homself baie goed kan handhaaf in al die dele waar dit aangepas is. Geen ander ekstensiewe veebedryfstak kan wolskape klop met realistiese prysaannames nie. Na verwagting sal wolpryse gemiddeld vir die 1974/75-seisoen ongeveer 35% laer wees as in die 1973/74-seisoen. Daarteenoor het skaapvleispryse hierdie jaar met 10% gestyg. Met sowat die helfte van die inkomste van wolskape uit vleis behoort die netto-inkomste van wolskaapboere hierdie jaar met nie meer as ongeveer 15% te daal nie. Die gemiddelde wolboer kry dus selfs vanjaar 'n goeie inkomste.

Die gemiddelde wolprys in die krisisjare 1970/71 en 1971/72 was 50c per kg en gemiddeld 155c per kg die afgelope 2 goeie jare. Vanjaar se geskatte realisasie is 100c per kg en is dus net mooi dubbel die gemiddelde prys vir die jare 1970/71 en 1971/72. Die waarborgprys is ook intussen verhoog van sowat 62c per kg vetwol na 82½c per kg tans. Aanduidings is dat die gemiddelde realisasie van die skeersel vir die huidige seisoen op die reserweprysvlak sal wees, wat sowat 20% hoër as die waarborgprys is.

Dit is so dat produksietoestande oor die afgelope drie jaar besonder gunstig vir wol was. Die veld in die ekstensiewe weistreke het wonderbaarlik herstel, ook as gevolg van die heilsame invloed van die veeverminderingskema. Baie van ons produsente het as gevolg van die skema tot die besef gekom dat hulle op dieselfde grond met minder vee 'n groter produksie kan handhaaf; en daardeur ook ons kosbaarste besitting, naamlik ons bodem, kan beskerm en opbou. Maar ons kwekers het ook te doen met die probleme van inflasie wat produksiekoste steeds laat styg en met die arbeidsprobleem wat al groter word. Dit is aspekte wat verdere studie verg.

### The future for wool

The very firm reserve price policy of the grower countries is a convincing declaration of faith in the future of wool and evidence of our determination to safeguard both the future production of wool and its continuing use in volume as an industrial raw material.

There are already indications of wool's stronger competitive competition in relation to synthetic fibres at current differentials, fashion trends and fibre preferences.

In assessing wool's future role in the local market place, the fundamental factor we have to recognise is that even a steady increase in the absolute volume of production will not enable the supply of wool to keep pace with the anticipated expansion of the total world market for all fibres in the years ahead. That in turn means that wool products will have a progressively smaller share of individual end-use markets and this has considerable implications for those who produce and market the fibre.

To gauge wool's commercial position more accurately, we should look at its share of consumption in those end-products which account for the bulk of wool usage, and in which wool is a serious competitor. On this basis, wool accounted for about one-quarter of the total consumption of fibres in the 21 principal consuming countries in which the IWS is represented. This excludes the Soviet Union and Eastern Europe which are, of course, substantial users.

Certain factors clearly emerge: The most important one is that wool is still a volume fibre supplier in all its established end-uses. Wool has retained a substantial share of the more traditionally higher priced product areas such as men's suits, women's coats and woven carpets. But the use of man-made fibres has accounted for a bulk of expansion in the more dynamic sectors.

The population of the world and its daily needs increase at an alarming rate. Natural sheep-farming regions cannot be horizontally expanded. A slow growth, mainly due to vertical expansion by way of the introduction of technology and higher efficiency, could only account for a small increase in production. It is estimated that the total size of the market for all fibres would increase close to 60% between 1972/1980. This gap will be filled mainly by synthetic fibres.

Let me emphasize however, that that smaller percentage of an expanded market still represents a higher absolute consumption of wool (in total mass) than the present-day figure.

Furthermore, if it were possible to draw a market share chart in terms of value rather than weight then a quite different picture would emerge. It would show that wool's place in the market will be much more significant than the weight figure suggests, as its use will be concentrated increasingly in the higher price, higher quality sector. This is inevitable and desirable for reasons of supply, price and conversion costs.

Om op te som: Binne die bestek van twee dekades sal wol se aandeel van veselverbruik vir tipiese woleindprodukte na alle waarskynlikheid van digby 70% verminder het tot minder as 15%, terwyl wolprodukte in terme van prys na die spits van die mark sal beweeg het. Dit is 'n dramatiese verskuiwing in markposisie vir enige handelsproduk. Diegene wat hierin die saad van ondergang sien, verloor 'n hele paar uiters kragtige faktore uit die oog.

Die belangrikste hiervan is dat wol steeds, en ook in die voorsienbare toekoms 'n hele reeks duursame en uitstaande hoedanighede bied wat nie een van sy mededingers besit nie. Bowenal is dit juis hierdie hoedanighede wat by uitstek geskik is om in produkte van hoë gehalte en hoë pryse te eksploiteer.

Ek sien geen rede vir pessimisme oor die toekoms nie met dié voorbehoud dat daar 'n duidelike en realistiese besef by almal wat met woltekstielproduksie te doen het moet wees van die huidige posisie van wolprodukte in 'n veranderende verbruikersmark. As ons aanvaar dat die groei van die veselmark soos ek dit geprojekteer het werklikheid sal word, dan kan ons myns insiens ook aanvaar dat daar genoeg welvarende verbruikers sal wees om wol se voortgesette winsgewendheid te verseker.

'n Welvarender mark is natuurlik ook 'n kieskeuriger mark en wol of wolryke produkte sal hul meerwaardigheid baie duidelik moet bewys. Hulle sal eenvormige standaarde van voortreflikheid, gehalte, duursaamheid en styl moet handhaaf. Hulle sal met groter presiesheid in die behoeftes en smake van hulle kopers moet voorsien en die prysverskil moet natuurlik aanvaarbaar wees.

As ek dit nou gesê het, dan wil ek dit benadruk dat die kwekerslande en die Internasionale Wolsekretariaat alles in hulle vermoë sal moet doen om 'n dinamiese program van navorsing en produkontwikkeling vir wol te handhaaf. Uit die aard van wol se intrinsieke hoedanighede as 'n vesel kan hierdie doelwitte bereik word op voorwaarde dat die nodige hulpbronne beskikbaar is. Gedurige verbetering in wolvoorbereiding, prosessering en vervaardigingsdoeltreffendheid is 'n voorvereiste; so ook nougesette marknavorsing om die verbruiker se behoeftes te bepaal en daarin te voorsien. Produkte moet gereeld en dikwels verbeter word; en gesonder bemarkingsorganisasie en volgehoue publisiteit is nodig.

I lay emphasis on innovation because this is essential. As the figures I quoted show quite vividly, wool cannot afford to depend solely on traditional product strongholds, which are liable to erosion. It must search out opportunities and seek to establish itself more firmly in the more dynamic sectors of the market. Furthermore, we must maintain a competitive edge in the face of improvements in the processing abilities and performance of synthetic fibres.

Meneer die Voorsitter, die wolkwekers van Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland en Uruguay was wys genoeg om jare lank reeds die Internasionale Wolsekretariaat te finansier. Die IWS is aktief in die 20 vernaamste markte vir woltekstiele in die Noordelike Halfrond en is ook baie aktief agter die Ystergordyn. Die IWS het 'n wêreldwye bemarkingstrategie wat daarop toegespits is om wol sy identiteit te laat behou as 'n tekstielvesel en om in die gedagte van die verbruiker die assosiasie tussen wol en gehalteprodukte te versterk.

Ons strewe daarna om te verseker dat wol op sigself 'n toekoms het, en ons aanvaar nie dat dit wol se lot sal wees om 'n mindere komponent te wees in mengsels met ander vesels nie. Ons het duidelik omlynde planne om hierdie doelwitte te bereik en ons is vol vertroue dat ons strategie diwidende sal afwerp wanneer die huidige ekonomiese remskoene 'n bietjie losgedraai word.

### Die verwerkingsbedryf

Die prysineenstorting van wol in 1970/71 en die meer as verdriedubbeling van wolpryse in een enkele jaar (1972/73), het vertroue in wol as tekstielvesel ernstig geskaad. Talle vervaardigers het reeds vir ons die boodskap baie duidelik laat kry – wol is 'n wonderlike vesel om mee te werk; ons hou daarvan en sal graag 'n groter deel van ons reekse in wol wil hê – maar dit 'n té riskante vesel as gevolg van die geweldige pryskommelinge waaraan dit onderhewig is. Die vennootlande van die Suidelike Halfrond het daardie boodskap baie duidelik gekry, en die wyse waarop Australië en Suid-Afrika gedurende die huidige bemarkingsjaar in die ruwolmark opgetree het, het baie daartoe bygedra om die vertroue van vervaardigers in wol te herstel. Hulle voel dat die kwekerslande minstens 'n ferme vloer onder die mark geplaas het en die volgende groot uitdaging is om skommelinge boontoe ook te probeer versag.

'n Verdere bemoedigende verskynsel is dat die Franse woltekstielbedryf verlede jaar besluit het om hulself swaar te belas ten einde die IWS te steun in sy wolbevorderingspogings in Frankryk. Tydens vanjaar se IWTO-vergadering het hulle besluit om hulle bydrae aansienlik te verhoog – dit weerspieël nie net vertroue in die toekoms van wol nie maar ook die bereidwilligheid van die wolverwerkers om met die produsentelande saam te werk om die vraag na wol verder te ontwikkel.

### Die produsent

Wat die produsent betref lê daar 'n interessante tydperk met groot uitdagings voor die deur. Daar is ons eie wolbemarkingskema wat die afgelope drie jaar op dreef gekom het, en die positiewe stappe wat reeds in Australië en Nieu-Seeland in dieselfde rigting onderneem word. Die wolleiers van die wêreld werk saam met een doel voor oë, naamlik om wol op 'n geïntegreerde wyse internasionaal te bemark volgens die modernste bemarkingsmetodes. Geen land kan dit op sy eie doen nie.

Die kwekerslande het die hulp van die verwerkingsbedryf met al sy fasette sowel as die IWS nodig. Ons is vasberade om deeglik ondersoek in te stel na alternatiewe bemarkingsmetodes wat wol as tekstielvesel hoogs kompeterend sal maak en aldus 'n goeie toekoms vir die wolprodusent te verseker.

Op bemarkingsvlak word daar dus hard gewerk met die beste mensepotensiaal wat ons op wêreldvlak kon bekom. Dit is ons uitdaging en ons het dit aanvaar.

Maar vir die wolboer van Suid-Afrika word daar ook al hoër eise gestel. Beter benutting van kapitaal, arbeid en natuurlike hulpbronne is noodsaaklik om kop bo water te hou. Beter produksiepraktyke wat sal lei tot hoër lampersentasies, beter teling en seleksie, beter skeerselvoorbereiding, bestuurspraktyke ens. is die uitdaging aan elke wolprodusent. Dit is in hierdie opsig waar u Vereniging so 'n lewensbelangrike rol speel, en ek gebruik die geleentheid om u namens die wolprodusente van hierdie land baie geluk te wens en te bedank vir die uitstekende werk wat u doen. Ons vertrou dat hierdie uitstekende werk voortgesit sal word deur alle instansies wat met navorsing te doen het. Terwyl ons die simposium hier in Stellenbosch hou, verwys ek graag na die uitstekende werk wat deur die universiteit gedoen is met behulp van fondse wat die S.A. Wolraad beskikbaar gestel het. Die toekoms van die wolvesel hang grootliks af van die volgehoue navorsing op produksie- en verwerkingsvlak en natuurlik die bevordering van die eindproduk op verbruikersvlak.

Maar, navorsing op sigself is nie genoeg nie. Dit is u, as Vereniging se plig om toe te sien dat navorsingsresultate tydig en doeltreffend oorgedra word aan die produsent en ek vertrou dat u Vereniging 'n groot bydrae sal lewer om toe te sien dat al die inligting en kennis wat in die Departemente, universiteite en die private sektor opgesluit lê, so gou moontlik in die praktyk geïntegreer word.

**Die toekomstaak**

Ek het aan u geskets dat daar 'n goeie toekoms vir wol wag mits daar aan sekere vereistes voldoen word. Myns insiens is die heel belangrikste taak die volgehoue ondersteuning van die aktiwiteite van die IWS wat op tekstielmarkte van die Noordelike Halfrond aktief is met produkontwikkeling en bevordering van wol. Wol as tekstielvesel, met sy besondere eienskappe, sal altyd 'n plek in die tekstielmarkte van die wêreld hê. Soos die tekstielbehoeftes van die mensdom uitbrei sal wol 'n al kleiner maar steeds uiters belangrike deel van die tekstielmark vir homself toeëien.

Maar die IWS met al sy aktiwiteite is maar net een been waarop die wolbedryf staan. Die wolpyplyn is 'n lang pyplyn – van die rug van die wolskaap na die rug van die verbruiker. Tot onlangs was die georganiseerde wolbelange van die wêreld hoofsaaklik aktief aan die einde van die pyplyn (die veld van die IWS). Met die jongste wysiging in die bemarkingsstelsels van kwekerslande is ons aktiwiteite met die hantering en verkoop van ons wol aansienlik uitgebrei. Maar die middelgedeelte van die pyplyn, d.w.s. die gedeelte van die oomblik dat die hamer in die veilingslokaal val totdat die IWS die wol saam met die wewers, breiers, opmakers en kleinhandelaars in die Noordelike Halfrond bemark, het tot hede min aandag geniet. Dit is hierdie deel van die wolpyplyn wat nou die ernstige aandag van al die vennootlande in die Suidelike Halfrond geniet. Ons glo dat 'n behoorlik geïntegreerde bemarkingstelsel van die skaap tot die verbruiker se rug die enigste metode is waarop wol sy regmatige plek in die tekstieimark kan kry en uitbrei.

Maar aan elke wolprodusent, en u as wetenskaplikes wat hulle moet bystaan, gaan daar ook 'n groot uitdaging gestel word. Eerstens om gewillig te wees om aan te pas by die eise van die tyd; by veranderinge in bemarkingsmetodes; om nuwe tegnieke by die boerdery te integreer; om wol te produseer wat die mark benodig en om die voorbereiding van die skeersel op 'n hoë vlak te handhaaf; om die natuurlike hulpbronne te alle tye te versorg en korrek te gebruik. Ek is veral onrustig oor die onoordeelkundige verbastering wat deur sommige boere bedryf word vir korttermyngewin. Die pad terug, nadat pragtige wolskape verbaster is, is lank. Die risiko om al 'n mens se eiers in die vleismandjie te pak, is hoog. Duisende Australiese wolboere wat vier jaar gelede op groot skaal oorgeskakel het na beesvleis, sit vandag met die sak patats. Wêreldvleispryse het ineengestort en hulle het geen mark vir daardie beeste nie. Ons dank die Vader dat ons 'n goeie vleismark het. Maar die wolskaap is 'n dubbeldoelskaap. Pas die wolskaap op en oor 'n langtermyn sal geen ander ekstensiewe veebedryfstak 'n hoër inkomste kan gee nie.

Die Suid-Afrikaanse wolskeersel het 'n bepaalde identiteit wat oor baie jare opgebou is deur teling en seleksie van by uitstek die Merinoskaap. Gehalte-eienskappe soos kwaliteit, sagte aanvoeling, goeie stapellengte en olievloei moet gehandhaaf word. Goeie klassering van die skeersel is 'n voorvereiste vir die doeltreffende bemarking van die wol en toepassing van objektiewe meting is 'n noodsaaklike bemarkingshulpmiddel. Ek wil die aandag daarop vestig dat die toekoms van die wolbedryf nie net afhang van 'n goeie aanvraag na wol teen 'n hoë prys nie, maar ook van die gehalte van die produk sowel as die doeltreffendheid van die produksiemetodes waarmee dit geproduseer word.